2017/12/07
08:44 AM

Graan SA Oggend Markkommentaar

	DATUM 2017/12/07	DATUM 2017/12/06			+ - WEEK GELEDE 2017/11/27		
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data
DJIA-index	24141	-39.73	-0.2%	24181	2.5%	23558
Goud (Spot)	1262.99	-3.77	-0.3%	1266.76	-2.1%	1290.14
Brent $/vat	61.20	-1.43	-2.3%	62.63	-4.1%	63.82
1 € / US$	1.1790	-0.005	-0.4%	1.1840	-1.2%	1.1929
1 US$ / ZAR	13.52	0.000	0.0%	13.52	-4.0%	14.09
Corn	R 1 804.34	0	0.0%	R 1 804.34	*CBOT Corn Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Dec 12:00 the previous day	
Wheat	R 1 956.94	-39	-2.0%	R 1 996.28	* CBOT Wheat Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Dec 12:00 the previous day	
Soybeans	R 4 926.77	-30	-0.6%	R 4 956.28	* CBOT Soy Jan cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Jan 12:00 the previous day	
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)						
Corn Des 17	339.00	0.00	0.0%	339.00	-1%	342.00
Wheat Des 17	398.00	-8.00	-2.0%	406.00	-4%	414.00
Soybeans Jan 18	1002.00	-6.00	-0.6%	1008.00	1%	995.00
PLAASLIKE MARKINLIGTING						
SORGHUM Mar '18	2850.00	0.00	0.0%	2850.00	8.8%	2620.00
WMAZ Spot	1870.00	20.00	1.1%	1850.00	-6.0%	1990.00
WMAZ Mar 18	1923.00	18.00	0.9%	1905.00	-6.7%	2061.00
WMAZ Jul 18	2027.00	22.00	1.1%	2005.00	-5.5%	2144.00
YMAZ Spot	1984.00	19.00	1.0%	1965.00	-5.7%	2103.00
YMAZ Mar 18	2034.00	17.00	0.8%	2017.00	-5.4%	2150.00
YMAZ Jul 18	2108.00	13.00	0.6%	2095.00	-4.7%	2212.00
SOY Spot	4950.00	86.00	1.8%	4864.00	-3.4%	5124.00
SOY May 18	5120.00	81.00	1.6%	5039.00	-1.9%	5220.00
SUN Spot	4427.00	91.00	2.1%	4336.00	-6.5%	4737.00
SUN Mar 18	4560.00	106.00	2.4%	4454.00	-6.3%	4864.00
WHEAT Spot	3993.00	-60.00	-1.5%	4053.00	-4.9%	4200.00
WHEAT Mar 18	4106.00	-55.00	-1.3%	4161.00	-4.3%	4290.00
WHEAT May 18	4160.00	-40.00	-1.0%	4200.00	-4.9%	4319.00

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

BY DIE GELD PUT OPSIE	WM	YM
JULIE '18 TERMYNPRYS	R 2 027.00	R 2 108.00
PUT TREFPRYS	R 2 020.00	R 2 100.00
PUT PREMIE	R 187.29	R 178.96
MINIMUM SAFEX PRYS	R 1 832.71	R 1 921.04

WEEK NR.	MIELIE UITVOERE		
31	WM	YM	TM
WEEK TOTAAL	4 862	58 727	63 589
JTD TOTAAL	534 396	1 117 505	1 651 901
UITVOERBAAR	2 500 000	1 850 000	4 350 000
JTD AS % VAN UITVOERBAAR	21%	60%	38%
TEMPO/WEEK BENODIG	93 600	34 881	128 481
	MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS		
WEEK TOTAAL	8 457	5 287	13 744
JTD TOTAAL	9 504 860	6 376 134	15 880 994
NOK SKATTING + REGSTELLINGS	9 642 750	6 451 250	16 094 000
% GELEWER VAN OES	99%	99%	99%
TEMPO /WEEK BENODIG	6 566	3 577	10 143
	KORING INVOERE		
	2017/18	2016/17	5 Jr. GEM
WEEK TOTAAL	56 189	-	26 900
JTD TOTAAL	575 856	79 213	335 776
TOTAAL BENODIG	2 000 000	930 728	1 568 763
JTD AS % VAN BENODIG	29%	8.5%	21%

Markoorsig: Die rand verhandel vanoggend teen R13.52.$ wat onveranderd is vanaf die vlakke waarteen dit gister-middag met marksluiting verhandel het. Die Suid Afrikaanse besigheidsvertroue is besig om toe te neem luidens die Suid Afrikaanse Kamer van Koophandel en Nywerheid. Die besigheidsvertroue vir November word op 95.1 punte gerapporteer, wat beter is as die 92.9 wat in Oktober gerapporteer was. Die verbetering in die besigheidsvertroue kan grootliks toegeskryf word aan die verwagte positiewe uitkoms van die ANC se leierskapsverkiesing wat later hierdie maand plaasvind en die verwagting dat die beleidsaspekte verandering kan toon, wat meer gunstig sal wees. Die mark verwag grootliks dat die uitkoms meer gunstig kan wees alhoewel daar steeds baie onsekerhede is rakende wie verkies sal word as die leier van die ANC en wat die presiese impak daarvan sal wees op die land as geheel en die ekonomie. Die ekonomiese groei wat in die 2de en 3de kwartale van 2017 in die land gerapporteer was is ook goed vir die plaaslike besigheidsvertroue met ekonomiese groei as een van die groot trekpleisters vir beleggers na 'n land. Dit bied ook meer sekerheid aan 'n land as geheel en die ekonomiese welstand van die land.

Mielies: Die Amerikaanse mieliepryse het gister meestal stabiel verhandel in die grootste gedeelte van die verhandeling, maar het effens laer gesluit. Daar is min nuwe fundamentele faktore in die mark en die handelaars sal die nuutste WASDE verslag dophou wat die 12de Desember deur die USDA bekend gemaak word. Die verwagting vir hierdie verslag is dat daar nie groot veranderinge behoort te wees vanaf die vorige verslag nie met net 'n paar aanpassings wat moontlik 'n impak op die verwagte eindvoorraad vir die seisoen kan hê. Die Amerikaanse produksie word verwag om onveranderd gelaat te word vanaf die vorige verslag. Die etanol produksie data wat gister bekend gemaak was het aangetoon dat die Amerikaanse etanol produksie verlede week weer 'n nuwe alle tye hoogtepunt bereik het. Dit het die etanol voorraadvlakke skerp laat toeneem en die etanol pryse in die VSA het ongeveer 3% gedaal na hierdie aankondiging. Die Amerikaanse uitvoere vir die eerste twee maande van die bemarkingsjaar is ongeveer 37% laer die van dieselfde tydperk verlede jaar. Die hoër etanol produksie was tans gerapporteer word sal waarskynlik veroorsaak dat die geskatte hoeveelheid mielies verbruik vir etanol produksie tans te laag geskat is en dat die hoër verbruik gedeeltes van die laer uitvoere kan uitkanselleer. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliemark het gister weer goeie ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag in meeste van die kontrak maande van beide wit- en geelmielies wat tans gelys is. Die mielie produsente lewerings kom steeds in en volgens die nuutste SAGIS weeklikse verslag was die witmielie lewerings vir die week 8 457 ton gewees en die geelmielie lewerings vir die week 5 287 ton vir die week. Die totale lewerings vir die seisoen tot dusver word op 15 880 994 ton gerapporteer wat ongeveer 99 % van die NOK se skatting is.

Sojabone: Die Amerikaanse sojaboonmark het die afgelope tyd goeie ondersteuning gevind, hoofsaaklik as gevolg van die ongunstige weerstoestande in Suid Amerika, maar redelike beperkte handelsdata en winsneming wat gister in die mark gesien was het die mark laer laat verhandel. Die Oktober uitvoere vanaf die VSA is ongeveer 16% laer gewees as die uitvoere wat in Oktober 2016 gerapporteer was, terwyl dit ongeveer 6% laer is as die uitvoere gedurende Oktober 2015. Die Brasiliaanse sojaboon uitvoere wat tussen September en November gerapporteer was is ongeveer 15% hoër as die rekord hoeveelheid uitvoere wat dieselfde tyd van die jaar in 2015 gerapporteer was. Die USDA het aanvanklik hierdie seisoen 'n toename in uitvoere gerapporteer, maar die totale Amerikaanse uitvoere vir die eerste twee maande van die bemarkingsjaar is ongeveer 7% laer as die uitvoere van dieselfde tyd verlede seisoen. Die USDA het die uitvoere vir die jaar hoër geskat as verlede seisoen se uitvoere en die produksietoestande in Suid Amerika sal 'n groot impak hê op die tempo van die Amerikaanse uitvoere in die volgende paar maande. Die sojaboon produksie vooruitsigte in Brasilië begin beter lyk met goeie reën wat oor groot gedeeltes van die sentrale en westelike gedeeltes van die land voorgekom het terwyl die volgende twee weke steeds droog behoort te wees in Argentinië. Die internasionale sojaboonolie pryse het gister ook laer verhandel en het die internasionale groente olie pryse vir die dag nagevolg. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister goeie ondersteuning gevind en sterker verhandel vir die dag. Die plaaslike oliesaad pryse was die afgelope twee tot drie weke baie volatiel gewees en het groot prysbewegings getoon in beide rigtings.

Koring: Die Amerikaanse koringpryse het gister weereens onder druk gekom en het laer verhandel met die Amerikaanse doller wat gister weer ondersteuning gevind het en sterker verhandel het . Die winterkoring markte het die grootste verliese getoon met beide die sagte en harde rooi winterkoring markte wat skerp laer gesluit het, terwyl die lentekoring mark slegs marginaal laer gesluit het . Die verwagtinge in die mark vir die weeklikse uitvoerverkope verslag wat later vandag bekend gemaak word is dat die weeklikse uitvoere in 'n nou band behoort te wees met nie groot afwykings vanaf verlede week se uitvoere nie. Die koringmarkte bly onder druk met die groot internasionale voorrade en die sterk kompetisie in die internasionale markte. Groot hoeveelhede koring uitvoere word gerapporteer vanaf die Swart See streek met die pryse daar wat baie kompeterend is in die internasionale markte. Lande soos Rusland en die Oekraïne verwag ook groot uitvoere vir die seisoen met die groot graan voorrade wat hulle beskikbaar het. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister skerp onder druk gekom en het laer verhandel vir die dag in meeste van die kontrak maande wat tans gelys is. Die stroop proses in die Weskaap is meestal voltooi terwyl daar steeds koring in ander gedeeltes van die land gestroop word. In gister se weeklikse produsente lewerings verslag was die weeklikse lewerings op 81 318 ton gerapporteer en die totale lewerings vir die seisoen tot dusver op 742 029 ton. Daar is ook nog 'n invoer tarief van R716.33 per ton wat al getrigger is maar nog nie in die staatskoerant afgekondig is nie. Die huidige invoer tarief op koring wat in plek is, is R910/ton.

Plaaslike Markinsigte & Data: *www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za*
Internasionale Markinsigte & Data: *www.usda.co.za*

Opgestel deur *Michelle Mokone and Luan van der Walt/* ***Vir navrae, kontak****: Michelle@grainsa.co.za/Luan@grainsa.co.za*
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.